# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**15/04/2013**

## HUIS ARCHER



Daar is tans baie spekulasie oor die toekoms van Huis Archer en verskillende verwarrende stories doen die rondte. Die werklike feite is dat daar tans onderhandelinge met die AIFA Vliegskool aan die gang is oor die moontlike huur van Huis Archer. Hierdie onderhandelinge word op Beheerliggaamvlak gedoen en sodra daar enige besluite geneem is, sal ons u as betrokkenes by die koshuise eerste inlig. Indien u enigsins iets uit 'n ander oord hoor, klaar dit asseblief met mnr. Claassen of met die koshuis-superintendente uit.



### *WEER 'n DAME IN SUPERINTENDENTSWOONSTEL!*

Mnr. Rudolph het besluit dat sy woonstel in Pinehurst te groot is vir een mens - en toe die stoute skoene aangetrek. Verlede Desember het hy weer in die huwelik getree met mev. Adalene Calitz.

Die koshuisleerders en –personeel wens die Rudolph-egpaar alles van die beste toe en weet dat sy 'n verskil sal maak in Pinehurst.

### *KOSHUISE SPOG WEER MET JONG BLOED!*

Mee. Alida Louw en René Wessels het hulle as diensdoende personeel by Pinehurst aangesluit en is beslis 'n aanwins vir die koshuise! [en die oog!]

Huis Archer spog weer met mnr. EP Olivier, 'n oudStruisie en ook oudinwoner van Huis Archer, wat aangestel is as diens-doende personeellid.

Mnr. Olivier is aangestel as sportwetenskaplike by HS Oudtshoorn en gaan baie betrokke wees by die kondisio-nering van die Struisies se sportspanne. Sy aanvallige vrou-tjie, Tammy, het haar ook by hom aangesluit.

Baie welkom!



### KKNK NEEM KOSHUISE OOR...

Die afgelope KKNK het die koshuisterreine van Archer en Pinehurst weer gelewe van feesgangers. Baie dankie aan almal wat dit 'n sukses te maak.

## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Huismoeder: Mev. Ida Schmitt | 044-2726155 | jsch@telkomsa.net |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me. René Wessels | 072-4771346 | |
| Me. Alida Louw | 082-5954283 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Huismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Mnr. EP Olivier | 082-4361440 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

### LOSIESGELD VIR 2013

Ouers word weer daaraan herinner dat losiesgeld betaalbaar is ***voordat*** 'n leerder tot die koshuise toegelaat mag word. Die superintendente ondervind al hoe meer probleme hiermee en moet dan briewe rig wat nie altyd so goed ontvang word nie.

Die koshuise word soos 'n privaat huishouding bedryf en as die geld nie inkom nie, kan die rekenings nie betaal word nie.

Baie dankie vir u samewerking.



### *KOSHUISRAAD VIR DIE VOLGENDE TERMYN*

Aan die einde van verlede jaar is die nuwe Koshuisraad vir die volgende termyn verkies. Baie geluk aan die volgende persone wat bereid is om die koshuise se belange op die hart te dra:

Voorsitter: Mnr. Nico de Wet
Onder-Vooristter: Mnr. John van der Merwe
Lede: Mnre Johan Claassen, Gerrit Rudolph, Dave van der Walt, Trevor Swart en ds. Jacques November.
Mevv. Susan van der Walt, Ida Schmitt, Seranda Potgieter, Marthilla Briel enTania Swart.
Leerders: Mihan Fourie en Rinli Scheepers

### *NUWE SUPERINTENDENT VIR HUIS ARCHER*

Mnr. Van der Walt maak aan die einde van Junie 2013 na baie jare klaar as superintendent van Huis Archer. Die beheerliggaam sal binnekort 'n aankondiging oor sy opvolger maak.

PROUDLY Struisie TROTS
50
1963-2013
per laborem ad astra